FINANSIËLE EN FISKALE KOMMISSIE

HANDLEIDING INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET
'N PRAKTIESE GIDS

WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING
WET NO 2 VAN 2000

Die Finansiële en Fiskale Kommissie
Privaatsak X 69
Halfway House
1685
Tel: 0861 315 710
Faks: 011 207 2344
1ste vloer, Montrose Place,
Waterfall Park, Bekkerstraat,
Midrand, Suid-Afrika

Om kopieë van hierdie handleiding te bekom, skakel asseblief die Bibliotekaris by 0861 315710 of faks 'n versoek vir kopieë na faksnommer 011 2072344. Kopieë kan ook bekom word van ons kantoor in Kaapstad – skakel asb Kim Biko by 0861 315710 of faks 'n versoek vir kopieë na faksnommer 021 4264935. 'n Lys van voorgeskrewe gelde en vorms om versoeke te rig kan aangevra word van die kantore van die FFK – kyk die adres op bl. 7, of kan afgelaai word van die FFK webtuiste – http://www.ffc.co.za

WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING
WET NO 2 OF 2000

INHOUDSOPGAWE

		Page
1.	**Inhoudsopgawe**	**2**
2.	**Besonderhede ingevolge Artikel 14 van die Wet**	**3**
A.	**Die Funksies en Struktuur van die Finansiële en Fiskale Kommissie**	
	i. Oogmerke en Funksies van die FFK	**3**
	ii. Skematiese diagram van die struktuur van die FFK	**5**
	iii. Struktuur van die FFK	**6**
B.	**Kontakbesonderhede**	**7**
C.	**Gids ingevolge Artikel 10 (Menseregtekommissie)**	**8**
D.	**Toegang tot rekords van die die FFK**	**8**
	i Outomatiese openbaarmaking	**8**
	ii. Rekords wat aangevra kan word	**12**
	Iii Die prosedures vir versoeke	**16**
E.	**Beskikbare FFK dienste**	**18**
	i Aard van dienste	**18**
	ii Hoe om toegang tot dienste te verkry	**18**
F.	**Reëlings vir publieke deelname aan die formulering van beleid en die uitoefening van bevoegdhede deur die FFK**	**19**
G.	**Regsmiddele wat beskikbaar is indien die bepalings van die Wet nie nagekom word nie ten opsigte van 'n handeling of versuim om te handel deur die FFK**	**20**
H.	**Ander inligting ingevolge die Wet voorgeskryf**	**20**
I.	**Bywerk van die Handleiding**	**20**
J.	**Beskikbaarheid van die Handleiding**	**20**
K.	**Versoek aan die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling vir die opstel van een handleiding**	**21**
L.	**Vrystelling deur die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling van enige bepaling van hierdie artikel vir 'n bepaalde tydperk**	**21**

2. BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET

A. DIE FUNKSIES VAN DIE FINANSIËLE EN FISKALE KOMMISSIE

i. DIE OOGMERKE EN FUNKSIES VAN DIE FFK

Artikel 220 van die Grondwet sit die hoofoogmerke van die FFK uiteen.
Hierdie oogmerke is:

(1) Om aanbevelings te doen oor finansiële en fiskale aangeleenthede soos beoog in d ie Grondwet, en in die besonder, hoofstuk 13, of in nasionale wetgewing, aan die Parlement, provinsiale wetgewers en enige ander gesag deur nasionale wetgewing bepaal;

(2) Om die onafhanklikheid en onpartydigheid van die FFK te handhaaf;

Daarbenewens bepaal Artikel 3 van die Wet op die Finansiële en Fiskale Kommissie dat die FFK

(3) Optree as 'n konsultatiewe liggaam en advies oor finansiële en fiskale aangeleenthede aan staatsorgane gee;

(4) Sy funksies verrig soos deur die Grondwet of nasionale wetgewing vereis;

(5) Op sy eie inisiatief of op versoek van 'n staatsorgaan optree;

(6) Die effektiewe en doeltreffende funsionering van die FFK verseker;

(7) Navorsing kan doen en verslae kan publiseer.

Laastens bepaal Artikel 26 van die Wet op die Finansiële en Fiskale Kommissie ook dat die FFK

(8) Jaarliks aan beide Huise van die Parlement, aan elke provinsiale wetgewer en aan die georganiseerde plaaslike regering verslag moet doen oor die werksaamhede van die Kommissie gedurende elke finansiële jaar.

Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting,2000 (Wet 2 van 2000)

Die kernwerksaamhede van die FFK is neergelê in die Grondwet, die Wet op die Finansiële en Fiskale Kommissie, die Wet op Interregerings- Fiskale Betrekkinge en die Wet op Leningsbevoegdhede van Provinsiale Regerings.

Ingevolge die wetsbepalings is die sleutel jaarlikse prioriteite van die FFK soos volg:

(1) Om aanbevelings te doen en voor te lê vir die billike verdeling tussen die drie regeringsfere van inkomste wat nasionaal ingevorder is;

(2) Om aanbevelings te doen en voor te lê ooreenkomstig bepaalde konstitusionele opdragte, die tersaaklike nasionale wetgewing en die FFK Wet aangaande enige ander toekennings, norme en standaarde en toepaslike maatstawwe vir verskeie interregerings fiskale reëlings;

(3) Om 'n verskeidenheid verslae, met inbegrip van geouditeerde finansiële state, op 'n jaarlikse grondslag aan alle wetgewers voor te lê en te versprei;

(4) Om die doeltreffende funksionering en bestuur van die FFK te handhaaf;

(5) Om tersaaklike navorsing te onderneem en om sigself op die hoogte te bring van tersaaklike inligting ten einde in staat te wees om advies oor finansiële en fiskale aangeleenthede te gee.

ii. DIAGRAM VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE FFK



iii. DIE STRUKTUUR VAN DIE FFK

Ooreenkomstig die grondwetlike vereistes stel die President die 22 Kommissarisse van die FFK aan. Dit is die posisie tot aan die einde van 2002, waarna, ingevolge 'n nuwe grondwetlike wysiging, die getal Kommissarisse wat deur die President aangestel moet word, nege (9) sal wees -Tweede Wysigingswet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, No 34, 2001. Gedurende die verslagtydperk was die Kommissie soos volg saamgestel:

- 'n Voorsitter en 'n Adjunkvoorsitter, wat heeltydse lede kan wees;
- Nege persone benoem deur die Uitvoerende Rade van elk van die nege provinsies;
- Twee persone benoem deur die Vereniging van Plaaslike Regerings van Suid-Afrika (SALGA) as verteenwoordiger van georganiseerde plaaslike regering; en
- Nege ander persone.

Die onlangse grondwetlike wysigings met betrekking tot die FFK is verorden deur die Tweede Wysigingswet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, No 34, 2001, wat voorsiening maak vir die vermindering van die samestelling van die Kommissie van 22 lede na nege. Ingevolge die Tweede Wysigingswet sal die nuwe samestellingsprofiel van die Kommissie soos volg wees:

1. 'n Voorsitter en 'n Adjunkvoorsitter;
2. Drie persone wat na raadpleging van die Premiers gekies word uit 'n lys wat saamgestel is ooreenkomstig 'n proses wat by nasionale wetgewing voorgeskryf is;
3. Twee persone wat na raadpleging van georganiseerde plaaslike regering gekies word uit 'n lys wat saamgestel is ooreenkomstig 'n proses wat by nasionale wetgewing voorgeskryf is; en
4. Twee ander persone.

Aangesien wetgewing wat die prosedure voorskryf wat gevolg moet word vir die benoeming van provinsiale aanstellings en aanstellings uit georganiseerde plaaslike regering ('n bepaling van die Wet) nog nie verorden is nie, word dit egter in die vooruitsig gestel dat die Wet eers in 2003 ten volle in werking sal tree, nadat hierdie stukkie wetgewing verorden is, hopelik voor die einde van 2002.

Tans bestaan die Finansiële en Fiskale Kommissie uit 12 Kommissarisse (insluitende die Voorsitter en Adjunkvoorsitter) en die Sekretariaat. Die kantoor van die Sekretariaat van die Finansiële en Fiskale Kommissie is in Midrand. Hulle voorsien navorsing-, ontleding- en administratiewe steun aan die Kommissie. Die Kommissie het ook 'n Parlementêre Skakelkantoor te Kaapstad, wat dien om verhoudinge met belanghebbendes en skakeling met die Parlement in stand te hou.

Die Voorsitter en Adjunkvoorsitter van die Kommissie, huidig Mnr. Murphy Morobe en Mnr. Jaya Josie, onderskeidelik, is heeltydse Kommissarisse. Ander persone wat op die Kommissie dien, is: Tania Ajam, John Douw, Philip Hourquebie, Professor Lieb Loots, Dr. Antony Melck, Gugu Moloi, Dr. Renosi Mokate, Dr. Pundy Pillay, Khehla Shubane, Kamalasen Chetty, Duncan Albertyn, Dr. Haroon Bhorat, Thabo Mosololi, Mmathebe Moja, Marcus Lucas Mdhluli, Nosipho Damasane en Marius van Blerck.

Die Sekretariaat verrig sy werksaamhede onder die oorhoofse bestuur en toesig van die Voorsitter en die Adjunkvoorsitter. Die Sekretariaat bestaan uit die volgende sleutel bestuursposte: Uitvoerende Bestuurder - Kommissie Koördinasie; Bestuurder - Parlementêre Kantoor; Bestuurder - Begrotingsontleding; Bestuurder - Fiskale Beleid Ontleding; Databasis - Koördineerder; Administrasie en Netwerk Bestuurder; en Finansiële Beampte. Die pos van Hoof Finansiële Beampte gaan binnekort gevul word.

B. KONTAKBESONDERHEDE

Inligtingsbeampte

Voorsitter

Posadres:

Privaatsak X69

HALFWAY HOUSE

1685

Tel. No: 0861 315 710

Faks No: (011) 207 2344

Fisiese Adres:

1ste Vloer, Montrose Place,

Waterfall Park,

Bekkerstraat

Midrand

Suid-Afrika

Webtuiste: www.ffc.co.za

Adjunk Inligtingsbeampte

Uitvoerende Bestuurder

Privaatsak X 69

HALFWAY HOUSE

1685

Tel. No: 0861 315 710

Faks No: (011) 207 2344

Skakelbeampte

Bibliotekaris

Privaatsak X 69

HALFWAY HOUSE

1685

Tel. No: 0861 315 710

Faks No: (011) 207 2344

antonettes@ffc.co.za

C. GIDS INGEVOLGE ARTIKEL 10 (MENSEREGTEKOMMISSIE)

Die Menseregtekommissie het aangedui dat hy 'n gids oor hoe om die Wet te gebruik beskikbaar sal stel nie later nie as Augustus 2003. Alle navrae in hierdie verband moet gerig word aan die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, PAIA Afdeling, webtuiste: www.sahrc.org.za of e-pos PAIA@sahrc.org.za

D. TOEGANG TOT REKORDS GEHOU DEUR DIE FFK

i. OUTOMATIESE OPENBAARMAKING

'n Kennisgewing ingevolge artikel 15(2) omskryf die kategorieë rekords van die liggame wat beskikbaar is sonder dat iemand 'n versoek om toegang hoef te rig. Inligting vir die FFK se kennisgewing ingevolge artikel 15(2) is tans nie beskikbaar nie. Die volgende rekords kan egter gratis bekom word van die internet webtuiste van die FFK by http://www.ffc.co.za (bygewerk tot op 30 Oktober 2002).

(a) Omtrent die Finansiële en Fiskale Kommissie

Geskiedenis, missie en konstitusionele opdrag van die FFK

Sleutelbelanghebbers, Organisatoriese struktuur en Subkomitees, profiel van personeel en Kommissarisse

FFK Sleutelopdragte

FFK Werksiklus

(b) Die volgende stukke wetgewing is dié wat die Finansiële en Fiskale Kommissie raak:

Die Tussentydse Grondwet	No 200 van 1993
Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika	No 108 van 1996
Die Wysigingswet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Artikel 17)	No 34 van 2001

Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting,2000 (Wet 2 van 2000)

Tweede Wysigingswet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Artikels 4 &7)	No 61 van 2001
Wet op Interregerings- Fiskale Betrekkinge	No. 97 van 1997
Wet op die Finansiële en Fiskale Kommissie	No. 99 van 1997
Wet op Leningsbevoegdhede van Provinsiale Regerings	No. 48 van 1996
Wet op Openbare Finansiële Bestuur	No. 1 van 1999
Wysigingswet op Openbare Finansiële Bestuur	No. 29 van 1999
Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels	No. 32 van 2000
Wet op die Reguleringsproses van Provinsiale Belasting(artikel 4(b))	No. 53 van 2001
Wet op Herroeping van Bepalings van 1993-Grondwet oor Finansiële en Fiskale Kommissie	No 96 van 1997
Wet op die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs	No. 20 van 1998
Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting	No.2 van 2000

(c) <u>Algemene Inligting</u>

Gelyke Indiensneming sprofiel

Menslike Hulpbronnebestuur

Ouditbeleid

Strategiese Plan 2002/03

Skenkerverhoudings

(d) Voorleggings

Jaarlikse Voorleggings

Toekenning van Finansiële Bronne aan die Nasionale en Provinsiale Regerings vir die 1996/97 Finansiële Jaar	1995

Toekenning van Finansiële Bronne aan die Nasionale en Provinsiale Regerings vir die 1997/98 Finansiële Jaar	1996
Kommentaar en Aanbevelings oor Aangeleenthede met betrekking tot die Toekenning van Finansiële Bronne aan die Nasionale, Provinsiale en Plaaslike Regerings	1997
Voorstelle van die Finansiële en Fiskale Kommissie	1997
Toekenning van Finansiële Bronne aan die Nasionale, Provinsiale, en Plaaslike Regerings vir die 1998/99 Fiskale Jaar	1998
Deel 1: Aanbevelings vir die 2001-2003 MTBR Siklus	2000
Deel 2:Beginsels van Interregerings Fiskale Verhoudinge	2000
Voorlegging: Verdeling van Inkomste 2002-2003	2001
Voorlegging: Verdeling van Inkomste 2003-2004	30 April 2002
Voorlegging oor die Verdeling van Inkomste 2003-2004 (Opsomming in eenvoudige taal/verkorte teks – April 2002)	2002

Voorleggings oor die Wetsontwerp op Verdeling van Inkomste

Voorleggings oor die Verdeling van Inkomste 2001-2002 aan die Portefeuljekomitee oor Finansies	Februarie 2001
Voorlegging aan die Parlement oor die 2002-2003 Verdeling van Inkomste Wetsontwerp	Februarie-Maart 2002

Ander Voorleggings:

Besoldiging van Munisipale Raadslede	Julie 2001
Verdeling van Munisipale Bevoegdhede en Werksaamhede tussen Distriks en Plaaslike Munisipaliteite	Julie 2001
Voorlegging aan die Gekose Komitee oor Finansies oor die Wetsontwerp op die Reguleringsproses van Provinsiale Belasting, 2001	Oktober 2001
Evaluering van die Wetsontwerp op Rampbestuur	Februarie 2002
Voorlegging oor die Wetsontwerp op Munisipale Finansiële Bestuur	Feb. 2002

Herstrukturering van die Elektrisiteitsverspreidingsbedryf Maart 2002

Voorlegging van Voorlopige Kommentaar van die Finansiële en Fiskale Kommissie op die Verslag van die Komitee van Ondersoek na 'n Omvattende Stelsel van Maatskaplike Beveiliging vir Suid-Afrika Junie 2002

Voorlegging oor die Wetsontwerp op Eiendomsbelasting Aug. 2002

Navorsingsprojekte:
Navorsingsprojekte 2002-2003

(e) Jaarverslae:

1999/2000 Jaarverslag

2000/2001 Jaarverslag

2001/2002 Jaarverslag

(f) Publikasies en Verslae

Openbare Uitgawes vir Basiese Maatskaplike Dienste in Suid-Afrika. 'n FFKVerslag vir UNICEF en UNDP. Januarie 1998.

(g) Onlangse tendense en Datastelsels

Lys van Darastelsels

(h) Aanbiedings

Lys van aanbiedings 2001-2002

(i) Toesprake en Aanbiedings:

Toesprake in die Parlement:

Toespraak voor die Nasionale Raad van Provinsies 27 Sept 2001

(j) Mediaregister:

Nuusregister

FFK beveel Nasionale Agentskap vir Maatskaplike Toelae aan 30 April 2002

Nuwe Wet sal nie Munisipale Outonomie Ondermyn nie: Tesourie 13 Feb 2002

Kritiek op Voorgestelde Grondwetlike Wysigings	19 Sept 2001
Toeslag op Provinsiale Inkomstebelasting	29 Augustus 2001
Wetsontwerp op Verdeling van Inkomstel Onbestrede Aangeneem	1 Maart 2001

Register van Persverklarings

Projek 2001 - FFK sal volgende fase van aanbevelings begin uitvoer	Maart 2001
Finansiële en Fiskale Kommissie stel verslag oor maatskaplike sektor en kapitaaluitgawe vry	2001

(k) Skakels na ander tersaaklike webtuistes

(l) Betrekkings

Uitnodiging vir Voorstelle: Versoek vir Aanduiding van Belangstelling deur Konsultante

REKORDS GRATIS BESKIKBAAR VAN FFK KANTOOR, MIDRAND

- Finansiële en Fiskale Kommissie Finansiële Verslag 1996-1997
- Finansiële en Fiskale Kommissie Finansiële Verslag 1997-1998
- Finansiële en Fiskale Kommissie Finansiële Verslag 1998-1999

ii. REKORDS WAT AANGEVRA KAN WORD

'n Beskrywing van onderwerpe en kategorieë wat deur die FFK gehou word (bygewerk 31 Julie 2002)

AGENDAS EN NOTULES VAN VERGADERINGS *(Onderwerp)*

1. MINMEC (MINLUR) Vergadering (Kategorie) **1996 – 2000**

2. Kommissievergaderings *(Kategorie)*

Ouditkomiteevergadering *(Subkategorie)* **1999 - 2000**

- Ouditverslag
- Strategiese ouditplan

Bestuurskom vergaderings/ Bestuursvergadering *(Subkategorie)*

- Terugvoeringverslae **1996 - 2000**
- Ooreenkomste

Kommissarisse *(Subkategorie)* **1997 - 2000**
- Provinsiale Konsultasies

Vergadering van Reëlingskomitee *(Subkategorie)* **1996 - 2000**

3. Verkrygingsvergadering *(Kategorie)* **1998**

4. Personeelvergadering *(Kategorie)* **1996 - 1999**

5. Navorsingsvergadering / Programvergadering *(Kategorie)* **1998**

6. Transkripsies van Vergaderings *(Kategorie)* **1998**

VERSLAE *(Onderwerp)*

1. Jaarverslag *(Kategorie)* **1999 - 2001**
- Aanhalings rakende die verslag
- Kommissie en Reëlingskomitee: Vergaderings, besprekings
- Ouditverslae

2. Finansiële Verslag **1996**
- FFK Werklike koste vs MTBR begroting 2**000**

3. Verkrygingsadministrasie en -beleid

4. Navorsingsverslae *(Kategorie)* **1996 - 2000**
- Vertikale verdeling
- Prysvasstelling van Norme benadering
- Infrastruktuur Belegging Hersiening
- Munisipale grense en strukture
- Maatskaplike Welsyn
- Toekennings
- Projek 2001
- Skuldfinansiering
- Leenkwessies
- Kapitaaluitgawes
- Provinsiale uitgawe
- Projek 2002
- Mediumtermyn Begrotingsraamwek (MTEF) Begrotings
- Gelykmaking
- VIGS

5. Verslae van Taakspanne en Konsultante *(Kategorie)* **1998 - 2001**
- Kontrakte met konsultante
- SA / Kanada program oor regering

6. Verslae oor wetgewing *(Kategorie)*

Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting,2000 (Wet 2 van 2000)

7. Regsadvies *(Kategorie)* **1999 - 2000**

8. MENSLIKE HULPBRONNE (MH) Verslae *(Kategorie)* **1996 - 2000**

- MH Beleid en Prosedure Handleiding
- FFK Opname oor Werkbesoldiging en voordele **1999**

9. MENSLIKE HULPBRONNE - ANDER *(Onderwerp)*

- Personeellêers
- Verloflyste
- Kontrakte
- Besonderhede van Kommissarisse
- FTR belastingkonsultante
- Betaalstaat
- WVF
- Mediese Hulp
- IRP 5
- RACI
- Menslike hulpbronne en prestasiebestuur / vaardigheidsontleding
- Salarisstruktuur
- Koste vir maatskappy

STRATEGIESE BESIGHEIDSPLAN (Onderwerp)

VERKRYGING DIENSVERSKAFFERS *(Onderwerp)*

1. Verskaffers (Kategorie)

AANBIEDINGS *(Onderwerp)* **1998**

ANDER NAVORSINGSTUKKE *(Onderwerp)* **1996 – 2000**

1. Navorsingsvoorstel *(Kategorie)*

- Studietoerbefondsing

2. Interregering- fiskale betrekkinge *(Kategorie)*
3. Konsultante: Voorstel en aanbiedinge *(Kategorie)*
4. FFK formules (billike deel) *(Kategorie)*
6. FFK protokol *(Kategorie)*

KONFERENSIESTUKKE / WERKSWINKELS *(Onderwerp)* **1996 - 2000**

BOSBERAAD / LEKGOTLA *(Onderwerp)* **1996 - 2000**

MH WETGEWING *(Onderwerp)*

- Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes
- Vaardigheidsontwikkeling
- Billike Indiensneming
- Arbeidsverhoudinge

Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting,2000 (Wet 2 van 2000)

MEMORANDUMS *(Onderwerp)* **1996 - 2000**

- Bedrywighede van Parlementêre Kantoor
- Projek 2002 – sleutelsake
- Liasseringprosedure
- Billike Indiensnemingsplan
- Aanstelling van Adjunkvoorsitter

OOREENKOMSTE *(Onderwerp)* **1996 – 2000**

- Konsultante en tegniese adviseurs
- Ouditeure

BRIEWE *(Onderwerp)* **1996 - 2000**

- Van aanstelling
- Aan die President aangaande bedanking van Kommissarisse of Vakatures vir Kommissarisse
- Van belanghebbendes
- Aan Minister van Finansies oor Wetsontwerp op Verdeling van Inkomste
- FFK Regsvereistes
- Aanstelling van tegniese adviseurs en Konsultante

E-POS *(Onderwerp)* **1997 – 2000**

- Korrespondensie met konsultante
- Opdragte
- Regsadvies

VRAELYSTE *(Onderwerp)*

- Uitdienstredingsonderhoud vraelys 2000
- Menslike hulpbronne strategie 2000
- Plaaslike Regering Opname 1997
- Openbare hospitaaldienste 1997

PARLEMENTÊRE SKAKELKANTOOR: KAAPSTAD *(Onderwerp)*

- Verslae van Parlementêre Vergaderings
- FFK Konsultasieproses 1999-2002
- FFK Verhore (Parlementêr en Provinsiaal) 2000-2002
- Parlementêre notules 2001-2002
- Weeklikse Parlementêre Verslae 2002
- Voorleggings aan die Parlement 2000-2002
- Parlementêre toesig en verantwoordingspligtigheid
- Portefeuljekomitee: Finansies – skakeling
- Portefeuljekomitee: PR 2001-2002

FINANSIES *(Onderwerp)*

- Finansiële Prosedure Handleiding
- FFK MTBR Voorleggings
- Jaarlikse Finansiële State (Verwys na Jaarverslae)
- Ouditeur-generaal Ouditbeplanning memorandum
- Ouditeur-generaal Bestuursbriewe

Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting,2000 (Wet 2 van 2000)

- Dienspeil ooreenkomste
- Maandelikse state
- Voorleggings vir Aansuiweringsbegroting
- FFK Begroting: Voorlegging aan die Parlement
- Finansiële Rekords

BOEKE, VERSLAE EN JOERNAALARTIKELS *(Onderwerp)*

KOMMUNIKASIE – PV – MEDIA *(Onderwerp)*

IT *(Onderwerp)*

1. Interne IT Stelsel *(Kategorie)*

- Rekenaarstelsel
- Verbetering van Netwerk

iii. DIE PROSEDURE VIR VERSOEKE

'n Versoeker moet toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam verleen word indien die versoeker aan die volgende voldoen:

- Die versoeker voldoen aan al die prosedurele vereistes van die Wet wat betrekking het op die versoek vir toegang tot daardie rekord; en
- Toegang tot daardie rekord is nie geweier op enige grond vir weiering in die Wet genoem nie.

Aard van die versoek:

- 'n Versoeker moet die vorm gebruik wat in die Staatskoerant gedruk is (Goew. Kennisgewing Ri87 - 15 Februarie 2002] (Vorm A).

- Die versoeker moet ook aandui of die versoek vir 'n afskrif van die rekord is, of indien die versoeker wil kom vir insae in die rekord by die kantoor van die openbare liggaam. Alternatiewelik, as die die rekord nie 'n dokument is nie, kan dit in die vorm wat versoek is besigtig word [a *29(2)*].

- Indien iemand toegang in 'n bepaalde vorm versoek, moet die versoeker toegang kry op die wyse waarvoor gevra is. Dit is die posisie tensy dit onredelik met die werking van die betrokke openbare liggaam sou inmeng, of die rekord sou beskadig, of outeursreg wat nie aan die staat behoort nie sou skend. Indien, weens praktiese redes, toegang nie in die gevraagde vorm verleen kan word nie, maar op 'n alternatiewe manier, moet die gelde bereken word volgens die wyse waarop die versoeker aanvanklik daarvoor gevra het [a *29(3) en (4)*].

- Indien die versoeker, benewens 'n skriftelike antwoord op die versoek vir die rekord, op enige ander wyse, bv. telefoon, oor die besluit ingelig wil word, moet dit gemeld word [a *18(2)(e)*].

- Indien 'n versoeker namens iemend anders inligting versoek, moet die hoedanigheid waarin die versoek gerig word vermeld word [a *18(2)(f)*].

- Indien 'n versoeker nie kan lees of skryf nie, of 'n liggaamlike gebrek het, kan die versoek vir die rekord mondeling gerig word. Die inligtingsbeampte moet dan die vorm namens die versoeker invul en 'n afskrif daarvan aan die versoeker verskaf [a *18(3)*].

Daar is twee soorte gelde wat betaal moet word, naamlik die versoekgelde en die toegangsgelde (a 22)**:**

'n Versoeker wat toegang verlang tot 'n rekord wat persoonlike inligting oor die versoeker bevat, hoef nie die versoekgeld te betaal nie. Iedere ander versoeker, wat nie 'n persoonlike versoeker is nie, moet die vereiste versoekgeld betaal:

- Die inligtingsbeampte moet by kennisgewing van die versoeker (behalwe 'n persoonlike versoeker) vereis om die voorgeskrewe versoekgeld (as daar is) te betaal voordat die versoek verder geprosesseer word.

- Die versoekgeld betaalbaar aan openbare liggame is R35. Die versoeker kan, waar toepaslik, 'n interne appèl aanteken, of 'n aansoek by 'n hof bring teen die aanbied of betaling van die versoekgeld.

- Nadat die inligtingsbeampte 'n besluit oor die versoek geneem het, moet die versoeker van daardie besluit in kennis gestel word op die wyse wat die versoeker gevra het om ingelig te word.

- Indien die versoek toegestaan word, moet 'n verdere toegangsgeld betaal word vir die soektog, voorbereiding en reproduksie en vir enige tyd waarmee die voorgeskrewe ure oorskry is om die rekord vir openbaarmaking te soek en voor te berei.

E. DIE FFK EN DIENSTE BESKIKBAAR

i. AARD VAN DIENSTE

Die FFK as 'n konstitusionele instelling, en derhalwe onafhanklik en onpartydig, verskaf in wese 'n diens, volgens die voorskrifte van die Grondwet, aan die Parlement, provinsiale wetgewers en enige ander gesag deur nasionale wetgewing bepaal. Die Grondwet (artikel 220(3)) bepaal ook dat die FFK ingevolge 'n Parlementswet moet funksioneer. Hierdie Wet is die Wet op die Finansiële en Fiskale Kommissie (FFK Wet), 1997. Hierdie Wet bepaal dat die FFK optree as 'n konsultatiewe liggaam vir , en aanbevelings doen en advies gee aan, staatsorgane in die nasionale, provinsiale en plaaslike sfere. Dit kan daardie funksies óf op sy eie inisiatief óf op versoek van 'n staatsorgaan verrig.

ii. HOE OM TOEGANG TOT DIENSTE TE VERKRY

Alle staatsorgane, hetsy afsonderlik of gesamentlik, in die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere, en enige gesag aldus bepaal in nasionale wetgewing, kan deur hul uitvoerende gesag (bv. Hoof van die staatsorgaan, Minister van 'n nasionale departement, voorsitter van 'n staatsinstelling, kommissie of liggaam, burgemeester van 'n munisipale raad,die kantoor van 'n Premier, die toepaslike kantoor van die Parlement en provinsiale wetgewers, ens) 'n versoek tot die FFK rig vir advies, kommentaar, raadpleging en aanbevelings oor finansiële en fiskale aangeleenthede ingevolge die bepalings van die Grondwet en die tersaaklik nasionale wetgewing. 'n Skriftelike versoek moet aan die Voorsitter van die Kommissie voorgelê word, insluitende inligting versoek deur die FFK ingevolge 'n voorgeskrewe vorm. Die versoek moet gestuur word aan:

Die Voorsitter van die Kommissie
Vir aandag: Die HUB/Uitvoerende Bestuurder

Posadres: Privaatsak X69
Halfway House
1685

Fisiese Adres: 1ste Vloer,
Montrose Place,
Waterfall Park,
Midrand
1685

Tel: 0861 315 710
Faks: 011 2072324
Webtuiste: www.ffc.co.za

Ingevolge hierdie handleiding en die prosedure daarin moet 'n versoek vir inligting gestuur word aan die Inligtingsbeampte soos aangedui in 2(B), bl. 7.

F. REËLINGS VIR PUBLIEKE DEELNAME AAN DIE FORMULERING VAN BELEID EN DIE UITOEFENING VAN BEVOEGDHEDE DEUR DIE FFK

Artikel 220 (2) van die Grondwet bepaal dat die Finansiële en Fiskale Kommissie onafhanklik is en slegs aan die Grondwet en die reg onderworpe is, en onpartydig moet wees. Die verpligting om onpartydig te wees word verder bepaal deur Artikel 3(3) van die FFK Wet. Die FFK Wet (Artikel 3 (4)) bepaal ook dat geen persoon of staatsorgaan op die funksionering van die Kommissie inbreuk mag maak nie.

Die FFK Wet maak egter ook voorsiening dat die Kommissie met enige persoon of staatsorgaan in verbinding kan tree en/of kan skakel (op sy eie inisiatief).

By die FFK sou reëlings ingevolge bogenoemde wetsbepalings die volgende insluit:

Openbare verhore vir die oorweging van jaarlikse voorlegging van die FFK oor die Wetsontwerp op die Verdeling van Inkomste, en ander voorleggings - die publiek kan die verhore wat deur die Parlement en provinsiale wetgewers georganiseer en behartig word, bywoon en daar vertoë rig. Lede van die publiek wat dit wil doen, moet skakel met die Parlement en provinsiale wetgewers vir 'n lys van byeenkomste aangaande verhore oor die FFK voorleggings.

Internskap Programme – daar is 'n werwingsbeleid van toepassing vir die werwing van leerders, by akademiese inrigtings, wat belangstel in interregerings fiskale betrekkinge.

Konsultante en kontrak navorsers – daar is 'n beleid van toepassing vir die werwing van kontrak navorsers binne die perke van die bronne wat vir die Kommissie en sy menslike hulpbronneplan beskikbaar is. Die FFK sal van tyd tot tyd vra dat konsultante voorstelle en hul curriculum vitae instuur vir opname in sy konsultante databasis.

Inligting vereis deur die FFK- wanneer nodig sal die FFK die tersaaklike staatsorgaan of instelling nader vir inligting ten einde sy werksaamhede te verrig.

Werkswinkels en seminare - Wanneer nodig nooi die FFK persone en instellings met kundigheid oor interregerings fiskale betrekkinge uit na sy werkswinkels en seminare oor bepaalde aspekte van finansiële en fiskale aangeleenthede, soos wat bepaal en vereis word deur sy aanbevelings en navorsingsprogram.

G. DIE REGSMIDDELE WAT BESKIKBAAR IS INDIEN DIE BEPALINGS VAN HIERDIE WET NIE NAGEKOM WORD NIE TEN OPSIGTE VAN 'N HANDELING OF 'N VERSUIM OM TE HANDEL DEUR DIE FFK

Die Finansiële en Fiskale Kommissie en ander Hoofstuk Nege Instellings (ingevolge die Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108, 1996) het nie interne appèlprosedures soos meeste ander openbare liggame nie. Die howe sal in sulke gevalle genader moet word waar daar nie nakoming van die bepalings van die Wet deur dié liggame is nie. Dit sal geld in enige geval waar die versoeker wil appelleer teen 'n besluit deur die inligtingsbeampte. Alhoewel melding van interne appèlprosedures gemaak word, is dit behoudens die instelling van 'n meganisme in 'n openbare liggaam om so'n interne appèl te behartig.. (kyk Vorm B – Interne Appèl, bl. 40)

H. ANDER INLIGTING INGEVOLGE DIE WET VOORGESKRYF

Daar is tans geen inligting van die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling ingevolge artikel 92 beskikbaar om hier te plaas nie.

I. BYWERK VAN DIE HANDLEIDING

Die FFK sal, indien nodig, sy handleiding bedoel in subartikel (1) van artikel 14 met tussenposes van nie langer nie as een jaar bywerk.

J. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING

Ingevolge Regulasie No R.187 van 15 Februarie 2002, regulasie 4(1), word die handleiding van die FFK op die volgende wyse beskikbaar gestel:

- 'n Eksemplaar in drie amptelike tale sal beskikbaar gestel word aan elke plek van pliglewering soos omskryf in artikel 6 van die Wet op Pliglewering, 1997; die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie; en die Kantore van die FFK te Midrand en Kaapstad.
- Die handleiding sal in drie amptelike tale in die *Staatskoerant* gepubliseer word
- Die handleiding sal beskikbaar gestel word op die webtuiste van die FFK, by webadres – www.ffc.co.za

K. VERSOEK AAN DIE MINISTER VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING VIR DIE OPSTEL VAN EEN HANDLEIDING

Ingevolge artikel 14(4)(a) en artikel 14(4)(b) van die Wet, indien die werksaamhede van twee of meer openbare liggame nou verband hou, kan die Minister op versoek of uit eie beweging bepaal dat die twee of meer liggame slegs een handleiding publiseer.

Die koste vir die opstel en beskikbaarstelling van daardie handleiding moet tussen die tersaaklike liggame soos deur die Minister bepaal, gedeel word.

Ten tyde van die publikasie van hierdie handleiding is so'n versoek nie deur die FFK tot die Minister gerig nie.

L. VRYSTELLING DEUR DIE MINISTER VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING VAN ENIGE BEPALING VAN HIERDIE ARTIKEL VIR 'N BEPAALDE TYDPERK

Die Minister kan weens sekuriteitsredes, administratiewe of finansiële redes, op versoek of uit eie beweging, by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige openbare liggaam of kategorie openbare liggame van enige bepaling van hierdie artikel vir die tydperk wat die Minister goed ag, vrystel.